



trinitas

Baie welkom by Trinitas!

Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.

Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

1 Verlos

SONDAG, 14 AUGUSTUS 2016

OGGEND 09:00

Die doolhof van goeters en geld

Teks: 1 Timoteus 6:5-19

Oorsig:

FOKUSTyd reeks: Goeters en Geld (Deel 1). Een van die temas waaroor die Bybel verrassend baie praat is goeters en geld. As jy sien hoe die wêreld vandag ook daar rondom draai, kan mens dit verstaan. Dalk het jy self ook al in die doolhof verdwaal. Ons gesels oor hierdie doolhof en die pad daaruit as diensknegte van God.

AAND 18:00

By Julle!

Oorsig:

'n Reeks gesprekke oor hoe die belofte van Jesus om altyd by sy kerk te bly, waar geword het oor die afgelope 2 000 jaar en wat ons daaruit leer vir ons eie persoonlike pad as sy dissipels. Kyk elders in die nuusbrieff vir meer besonderhede.

14 Aug: Jou tydlyn

21 Aug: Jou verlede

28 Aug: Jou 'vandag'

PROGRAM VIR DIE WEEK

Vandag

Ouderlingvergadering na die
aandbyeenkoms

Dinsdag, 16 Augustus

Bybelstudie 18:30
(Stinkhoutsingel 18)
Bybelstudie 19:00
(Carterstraat 16)

Woensdag, 17 Augustus

Oggendbybelstudie 09:15

Vrydag, 19 Augustus

Manne-oggend 05:45

SONDAGAANDE: 3DE KWARTAAL

Datum	Geleentheid
14 Aug.	Kerkgeskiedenis
21 Aug.	Kerkgeskiedenis
28 Aug.	18:00 Kerkgeskiedenis 19:00 Nagmaal
4 Sept.	Aandbyeenkoms
11 Sept.	Aandbyeenkoms
18 Sept.	Gemeenskapsaand
25 Sept.	Toerustingsgeleentheid



FOKUSTyd 3: DIENSKNEGTE!



Ons is in ons derde
FOKUSTyd van die jaar!

Die tema is DIENSKNEGTE. "Geld laat die wêreld draai" is die spreekwoord, maar watter plek neem geld en goeters in die dissipels van Jesus se lewens in?! Wat is gesond en ongesond? Wat maak jou bang? Ons gesels oor 'goeters en geld' in ons lewens. Hoe ons dit dikwels dien tot ons skade, eerder as wat ons, en ons goeters en geld God dien. Die FOKUSTyd duur vir 3 weke en bestaan uit 'n preekreeks in die oggende.

	Preek tema
WEEK 1: 14 Augustus	Die doolhof van goeters en geld
WEEK 2: 21 Augustus	Dissipelskap, goeters en geld
WEEK 3: 28 Augustus	Spandeer goeters en geld

Daar is nie hierdie keer 'n meegaande Bybelstudie nie. Ons maak weens 'n oorvol jaarprogram plek vir die Sondagaandreeks oor Jesus in die Kerkgeskiedenis. Kom neem sommer as kleingroep of Bybelstudiegroep vir die drie weke saam hieraan deel! Kyk elders in die nuusbrieff vir meer inligting.

Fokus saam en groei saam!

2

Familie

LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Elsa van Zyl (☎0827747237) sterk tuis aan na haar rugoperasie. Dit gaan goed met haar.
- Susan Minnaar (☎0845004839) het die afgelope week 'n knieervanging ondergaan.
- Chris van Schalkwyk (Patsy ☎0826134447) is in Verg. Medi-Clinic kardio-intensiewe-eenheid.
- Tina Odendaal (☎0790140103) was die afgelope week vir toetse.
- Alan Brotherton (☎0834685243) is in Emf. Medi-Clinic opgeneem met longprobleme.
- Hans Botes (☎0823350100) se algemene toestand verswak.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

14/08	Curla du Plessis	☎0833040977
14/08	Ronald Victor	☎0788486363
15/08	Hermien de Bruyn	☎0737885243
15/08	Charlene vd Westhuizen	☎0795015902
16/08	Emile Hoffmann	☎0826637030
16/08	Wian Nortjé	☎0169875023
16/08	Stephanie vd Merwe	☎0726487870
16/08	Francois Viviers	☎0727368668
17/08	Charles Conroy	☎0833040323
17/08	Lullu de Bruyn	☎0737885243
17/08	Sarel du Plessis	☎0824924683
17/08	Jan Hanekom	☎0833083145
17/08	Bets Kruger	☎0837854176
17/08	Pieter Theron	☎0833271931
17/08	Patsy van Schalkwyk	☎0826134447

18/08	Retha Janeke (jnr)	☎0788008814
19/08	Simon Smit	☎0836653535
20/08	Kenny Booysen	☎0724147115
20/08	Conrad Dannhauser	☎0712007794
20/08	Gerhard Hennop	☎0833064040

SPESIALE VERJAARSDAE

Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS

14 Aug.	Frik en Tina van Tonder	51 jaar
16 Aug.	Danie en Harriet Labuschagne	41 jaar
16 Aug.	Johan en Louisa Vermeulen	30 jaar

SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)

Die gemeente sing Sondag 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besondere mylpale te bereik.

BYBELSTUDIES

Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18.

Jong-werkendes welkom!

Dinsdae om 19:00. Carterstraat 16.

Woensdae om 09:15 by die kerk.

NUWE BYBELSTUDIEGROEP

Dinsdagaande om 18:30 by

Stinkhoutsingel 18. Ons is tans besig met Efesiërs. Enige belangstellendes is baie welkom. Kontak Christa ☎0798779882.

ATTESTATE/BEWYSE

Word afgekondig.

HUISBESOEKVORMS

Indien jy huisbesoek wil ontvang deur 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die

kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

NUWE LIDMATE

Die diakonie is tans aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en skryf asb. al jou besonderhede in die boek by die Welkomhoekie in die saal.

VERJAARSDAGTEE

Vanaf 2016 wil ons graag elkeen in Trinitas se verjaarsdae vier en saam dankbaar wees oor elkeen wat vir nog 'n jaar gespaar is. Ons beplan daarom vier verjaarsdagtees vir vanjaar, een elke kwartaal. Ons vra dat elkeen wat in die betrokke kwartaal verjaar asb. 'n bordjie eetgoed vir die tee sal bring.

Groete: Gasvryheid-diensgroep

Verjaarsdagtee-datums vir 2016:

Datum: **Wie bring eetgoed:**

21 Augustus 1 Julie-30 September

23 Oktober 1 Oktober-31 Desember

Almal wat in Julie, Augustus en September verjaar, moet asb. volgende Sondag 'n bordjie handeetgoedjies bring. Eetgoed kan voor kerk in die saal afgegee word.

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING

09:00 – Nannes vd Walt

OUDERLINGE AAN DIENS

Hardus Visser, Fanie vd Merwe

DIAKENS AAN DIENS

Hendrik Smit

KOSTER AAN DIENS

Elsa Prinsloo

DATABORDDIENS

Behartig deur die Tegnieese span

KOLLEKTES

Onder die erediens vir Diakonale Kas

14/08 – Teologiese Studentekas

21/08 – Deputate Jeugsorg

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD

Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, stuur 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit ☎0711063978.

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS

Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, ☎0828111990, vir inligting. (*Preektekste sal Sondag na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees*).

GEHOORAPPARATE

Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

TEESKINK

Vanoggend skink Lynette Roelofse se groep. Sondag, 21 Augustus skink Ita Schrap se groep. Gretha van Wyk ☎0764688963 is die sameroeper van die diensgroep.

PLEK OM JOU FAMILIE TE DIEN ...

As jy graag Sondae wil help tee skink en nog nie by 'n groep ingeskakel het nie, is jy baie welkom! Skryf asb. jou naam in die saal op die Teeskink-diensgroep-plakkaat. Indien jy deel was van 'n groep wat ontbind het, kan jy ook jou naam opskryf. Ons sal jou by 'n nuwe groep indeel. Groete: Teeskink-diensgroep.

BEGRAFNIS-DIENSGROEP GROEI!!

Baie dankie aan elkeen wat by die Begrafnis-diensgroep aangesluit het na ons oproep tot hulp. Dankie vir die mooi reaksie en bereidwilligheid om te help! Die diensgroep het meer as verdubbel en daar is beslis nog ruimte vir groei. Kom sit gerus jou naam in die saal op om te help. So dien ons mekaar met Christus se liefde.

Groete

Die Begrafnis-diensgroep

KLEUTERKERK

Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie (na afloop van die erediens) plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mammamas van tweejariges kan dit saam bywoon. Kontak Petroné van der Merwe ☎0729414308 indien jy geroepe voel om deel te wees van die Kleuterkerkspan.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Ons het verskeie kere reeds gekommunikeer dat ons, as deel van die toerusting en bediening van die klein kindertjies in ons gemeente, meer aandag wil gee aan die erediensbegeleiding wat aan hulle gegee word. Die doel is om hulle toe te rus deur die

Woord van die Here en die verkondiging van die evangelie meer prakties verstaanbaar aan hulle oor te dra. Hulle moet prakties toegerus word om die dissipelskap-opdrag uit te kan voer op 'n manier wat hulle goed verstaan. Hier volg inligting oor wanneer, aan wie en hoe dit gedoen sal word:

WAT? Kinder Erediensbegeleiding

• **Wanneer en wie?**

- Sedert 31 Julie 2016
- Verdeel in twee groepe
 - Voorskool tot Graad 1
 - Graad 2, 3 en 4
- Klaskamers sal deur groepleiers aangewys word
- Groepleiers
 - Petra Tromp
 - Maureen van Helden
 - Karin van der Westhuizen
 - Natasha Pile
 - Gretha van Wyk
- Ouers is welkom om hul kinders te vergesel

• **Hoe?**

- Beweeg uit die erediens tydens die sing van Psalm/Lied voor preek
- Gebruik die deur voor in die kerk, regs langs die preekstoel
- Skriflesing word in kleingroep hanteer – dieselfde skrifgedeelte as in die erediens
- Erediensbegeleiding vind plaas (Kleingroepbeginsels)
- Liefdegawe word ingeneem in kleingroep voordat die kinders terugbeweeg na die kerkgebou
- Sluit aan by die erediens tydens kollekte

- Kinders is terug in die erediens met die uitspreek van seën

Nota: Die Kleuterkerk na die erediens (tydens jeugbediening/katkisasie) gaan steeds normaal voort.

Indien daar vrae, voorstelle of bydraes is, kan dit met Corrie Botha ☎0833047680 of Petra Tromp ☎0823316151 bespreek word. Indien enigiemand graag betrokke wil raak, kan hulle vir Corrie Botha kontak.



Kontak André ☎0828592186 of Rochelle Moolman ☎0824544147



DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir lidmate wat bv. verswak het, bejaard is of enkelopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Jan van der Westhuizen ☎0844890144.

MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)

Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou

wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

VERSPREIDING VAN KLERE

Lidmate wat wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang, kan Oom Faan en Tannie Jakkie Coetzee kontak ☎0829243284.

PROJEK – GROEIPYNE

Trinitas-familie het 'n probleem waaroor ons baie bly is! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite op die terrein benodig ons ekstra stoorplek sodat ons die bestaande lokale doelgerig kan gebruik. As spesiale projek wil ons graag 'n skeepsvraghouer (*container*) aankoop sodat hierdie momentum nie gekeer word nie. Die koste beloop ongeveer R25 000. Bydraes hiervoor, groot of klein, kan gemaak word in ons lopende rekening. Merk dit asb. as 'Groeipyne'.

KRUIDENIERSWARE BENODIG

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy van die volgende items aankoop (plaas skenkings in groot houer in die saal naby die kombuis): Bullybeef, blikkies groente en waslappe. **(Plaas bydraes in die houer in die saal.)** Jolani Lourens ☎0823359586.

DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Afsprake word deur die kerkkantoor of deur dr. Minnie self gemaak.** Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

4

Gestuur

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no.
9055971748

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

LOTUSLANDERS

Die volgende Lotuslanders-byeenkoms
vind op Dinsdag, 13 September, plaas.
Meer besonderhede volg later. Koos en
Babsie Jacobs ☎0836505227.



Kontakpersoon:

Hardus Visser
☎0828215642

HERWINNING

Die Here stuur ons om sy skepping op te
pas om Hom ook so vir die wêreld wys.
Kom laai gerus jou sak herwinbare
materiaal weksdae tydens kantoorure
of Sondae by die herwinningsarea agter
die katkisasie-lokale af. Daar is 'n werker
wat dit uitsorteer. Maureen van Helden
is die sameroeper ☎0823922093.



ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR AUGUSTUS

- 14 Aug. Ouderlingvergadering
- 21 Aug. Verjaarsdagtee
- 28 Aug. Nagmaal en familie-ete

GKSA NUUS

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- FEBA Radio Nuusbrief
- GK Jeugkantoor nuus
- Transoranje Nuus
- Cross Courier: GKSA tydskrif (Engels)
- Uitreik-aksie ten bate van Pres. Kruger
Kinderhuise
- Nuutste uitgawe – swart Psalmboek
- Vleisfees word kuierfees!
27 Aug, GK Sasolburg
- Frankfort Riviertoer
- Reformatoriese Konferensie 30 Aug.
- Uitnodiging na Missionale
werkwinkel, GK Benoni

KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA
(www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan
kantoor@kruispad.net indien jy wil
inteken of 'n artikel wil skryf.

TRINITAS-BOEK-HOEK

Franciska van der Merwe
☎0827818032.

WERKSOEKENDES

(Indien jy werk benodig of wil aanbied,
kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor
vir plasing in die nuusbrief).

- Jerry Ndweni (Elaine Ndweni se man)
soek dringend werk en is 'n
gekwalfiseerde elektrisiën met 'n
rooiseël. Tans maak hy yskaste en stowe
reg. ☎0781983377 of ☎0834909746.
- 'n Grondslagfase (Gr. R – Gr. 3)
onderwyspos word benodig in
Sasolburg, Vaalpark, Vereeniging of
Vanderbijlpark. Kontak vir Griffel
☎0823543726 indien jy weet van iets.

- Poste vir werknemers van 'n bejaarde versorgingsinstansie wat gaan sluit word benodig. Kontak Susan Kennedy ☎0823875377 indien jy kan help.
- Graad 8 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.

BYBELS EN PSALMBOEKE

Maak gerus tydens die erediens gebruik van die Bybels en Psalmboeke op die tafel in die voorportaal.

TER ABPROBASIE AS DIAKENS

Karin Janeke
Stephan Botha

WELKOM

Hartlik welkom aan die Bond van Oud-Polisielêde wat ons gemeente vanoggend besoek.

VANDAG: GASVRYHEID-DIENSGROEP VERGADERING

Daar is vanoggend na die erediens 'n Gasvryheid-diensgroep vergadering buite by 'n tafel in die son. Kry gerus eers 'n koppie koffie en dan gesels oor wat voorlê in kwartaal 3 en 4. Almal is welkom! Sien jou daar! Gretha van Wyk

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za



GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller

☎0169825017 / 0724874258

kantoor@gktrinitas.co.za

Faks no.: 086 219 5728

Predikant: Griffel van Wyk

☎0169324615 / 0823543726

e-pos: griffel@gktrinitas.co.za



JEUGBEDIENING

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag 24 Julie:

Graad 1 – 3

EENHEID 5: EK IS BLY DAT JESUS LEEF

Omdat Jesus leef, kan ek vir Hom lief wees en Hom volg

Paasfees
Les 18: Jesus gaan Jerusalem binne
Les 19: Jesus sterf en leef weer
Les 20: Die pad na Emmaus
Les 21: Ontbyt op die strand

Graad 4 – 6

EENHEID 5: VOLG DIE LEWENDE JESUS

Jesus is die enigste Een wat ons sondes kan vergewe. Ons bewys ons liefde aan Hom en aan ander

Paasfees
Les 18: Jesus word gedoop
Les 19: Dissipels volg Jesus
Les 20: Jesus in Jerusalem
Les 21: Jesus leef!

Graad 7 – 9

EENHEID 3: VRIENDE

Vriendskap-vernietigers

Les 17: Jaloesie
Les 18: Onopgeloste woede

EENHEID 4: LEËRINGE VAN JESUS

Vertikaal – Ons verhouding met God

Les 19: Om te luister na God : Die Saaier
Les 20: Geloof : Die mosterdsaad
Les 21: Geskenk deur God : Die talente

Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)

HK SONDAG 20 – 30: Verlossing (Heilige Gees & Sakramente)

Neem kennis dat jeugleingroepe vir Graad 7 – 12 Sondae om 16:30 sal plaasvind. Dit gee ons jeugleiers genoeg kans om behoorlik deur die lesse te werk en ook nog betyds te wees vir die aanddiens.

BY JULLE!

"*Onthou* ... Ek sal by julle wees tot op die einde,"

Jesus, Matteus 28:20



'n Reeks gesprekke¹ oor hoe hierdie belofte van Jesus waar geword het oor die afgelope 2 000 jaar en wat ons daaruit leer vir ons eie persoonlike pad as sy dissipels.

Jou tydlyn (14 Augustus 18:00)

- Die tydlyn van die kerk oor 2 000jaar
- Jesus se liggaam in verskillende tye
 - Soms baie siek, soms meer gesond
 - Maar groei
- Van huise na kloosters na katedrale na my geloofsfamilie
- Hoofgebeure en karakter van elke 500 jaar
- Jou tydlyn?

Jou verlede (21 Augustus 18:00)

- Sien God se geduldige genade en voorsiening
 - Iets daarvan is waar in my eie lewe soos ek ook nog vorder en groei.
- Groei deur jou uitdagings, hulle dwing jou na God en sy waarheid
 - Konflik en Vervolging
 - Krom idees / Dwaling
 - Teëspoed
- Leer uit ander se foute
 - Nederigheid
 - Niks nuuts onder die son, blaas net soms die stof af!
- Jou verlede?

Jou 'vandag' (28 Augustus 18:00)

- Die spektrum van verskillende kerke
- Die koninkryk
- Hoekom gereformeerd?
 - Swakpunte en sterkpunte
 - Waar pas Trinitas in?
- Trinitas (en jy!) is nog steeds Jesus se liggaam vandag
- Rondom jou en by jou?
 - 'n Dissipel van Jesus asem in en uit.

¹ Hierdie geld as ons aandbyeenkomste vir hierdie drie weke. Die Gr 7-12 jeugkleingroepe neem ook hieraan deel. Steeds gewone Nagmaal 28 Augustus om 19:00.

GEREFORMEERDE KERK TRINITAS - GEMEENTEVERSLAG
INKOMSTE- EN UITGAWESTAAT
VIR DIE FINANSIËLE JAAR 2015 - 2016 MAAND: JULIE 2016

	JAAR TOT OP DATUM		
	WERKLIK	BEGROOT	AFWYKING
INKOMSTE			
Bydraes	751 466	755 000	(3 534)
Deurkollekte	5 898	3 200	2 698
Rente verdien	64 640	66 335	(1 695)
Ander	17 597	1 000	16 597
TOTALE INKOMSTE	839 601	825 535	14 066
UITGAWES			
Totaal Woordverkondiging	538 737	584 711	45 974
<i>Woordverkondigers</i>	357 540	354 940	(2 600)
<i>Ramings en Klassisse</i>	181 197	229 771	48 574
Erediens- & Kunstespan	9 296	10 750	1 455
Uitreikspan	0	5 000	5 000
Toekomsspan	0	4 000	4 000
Toerusting & opvoeding	4 178	10 000	5 822
Administrasie Span	235 622	239 145	3 523
Kerkkantoor uitgawes	22 328	27 150	4 822
Versorgingspan	32 475	34 000	1 525
TOTALE UITGAWES	842 635	914 756	72 120
OORSKOT / (TEKORT)	(3 035)	(892 21)	86 186

Met groot dank aan ons Hemelse Vader dat ons kan rapporteer dat die bydraes hierdie maand die grootste is vir hierdie finansiële jaar.

Die nuwe ramingsrekening is vanaf Julie tot Junie volgende jaar. Ons het nog geen kommunikasie ontvang nie en dus het ons geen oorbetalings gemaak nie. Die betaling vir Junie was R41 959.

Oktober dankoffer

Liewe Trinitas,

Ons is baie dankbaar vir dit waarmee die Here in ons midde besig is! Dit is werklik opwindend om saam geloofsgroei in die Evangelie te ervaar en te smaak dat die Here inderdaad goed is!

Op allerlei terreine is ons besig om reeds nuwe dinge aan te pak, maar ook om nodige grondwerk te doen vir sake wat nog aan die kom is.

Ons finansiële sake het ook al baie verbeter deur versigtige beplanning en bestuur, die delging van al ons skuld en veral ook julle onbaatsugtige finansiële offers. Ons sê werklik baie dankie vir elkeen wat graag 'n finansiële bydrae maak om Trinitas op en uit te bou! *Hoe groot of klein ook al.* Ons is opgewonde oor die toekoms.

Daar is egter nog baie ruimte vir verbetering t.o.v. bydraes om die verantwoordelikhede van ons lopende koste te dek. As voorbeeld noem ons dat slegs 67% van ons lidmate hoegenaamd iets bydra! Daar is sekerlik verskillende redes hiervoor waaraan elkeen sal moet werk.

Een van die oplossings wat ons voorstel is om jaarliks 'n spesiale Oktober Dankoffer in te stel.

Die doel van die Oktober Dankoffer is om 'n fokus-maand te hê vir:

- Lidmate wat dit dalk beter sou vind om eenmaal jaarliks 'n bydrae te maak vanweë hulle eie finansiële sake.
- Lidmate wat vanweë die Here se besondere seëning 'n ekstra bydrae wil maak, bo en behalwe hulle maandelikse bydrae.
- Lidmate wat beseft dat hulle dalk hierdie saak uit die sig verloor het en hierdeur opgeskerp kan word met 'n maklike geleentheid.

Onthou dat ons ook in geloof besluit het om 10% van elke maand se surplus op die begroting eenkant te plaas vir spesiale uitreikprojekte na ons gemeenskap – bo en behalwe wat reeds gedoen word. Ons wil dus nie net gelykbreek nie... Jesus roep ons om te groei!

Jy kan ook spesiaal hiertoe bydra deur 'n inbetaling te oormerk vir die 'Uitreikfonds'.

Oktober is daarom ons fokus-maand, maar bydraes vir die Oktober Dankoffer kan enige tyd gemaak word soos wat dit vir jou moontlik word. Ons sal ook deurlopend in die nuusbrieff mekaar op hoogte hou van hoe dit verloop. Ons mikpunt vir 2016 is R215 000. Merk jou bydrae eenvoudig "Oktober Dankoffer".

Dankie dat ons saam hande kan vat om die unieke geleenthede van Trinitas vas te gryp!

Pieter Janeke, Finansies

NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daarvoor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (Kerkorde Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kring kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.

Indien jy vriende/familie het wat nie lidmate is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
 - a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
 - b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
 - c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laaste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.